# GEMEENTEBULLETIN

**12 MAART 2021**

STELLENBERG GEMEENTE

## EREDIENSTE – AANLYN EN IN DIE KERK

- Eredienste het in die kerkgebou en kapel hervat. Volgens die nuutste Covid-19-regulasies mag 100 persone per erediens in die kerkgebou toegelaat word en 20 persone in die kapel. Indien daar te veel mense by 'n erediens opdaag, sal die oorvloei van kerkgangers in die markplein geakkommodeer word, waar 'n direkte uitsending van die erediens uitgesaai sal word. **Geen besprekings is nodig nie.**
- Al die eredienste, behalwe die meditatiewe diens, word ook direk uitgesaai vir diegene wat verkies om die dienste aanlyn te kyk. Die opnames van die dienste is na afloop van die direkte uitsending ook aanlyn beskikbaar. Die meditatiewe diens word nie direk uitgesaai nie, maar die opname is vanaf 12:00 aanlyn beskikbaar. Besoek www.stellenberg.co.za of die gemeente se YouTube-kanaal.

**Sondag 14 Maart 2021**

Oggenddiens in die kerk en aanlyn **08:30** | Ds. Why Duvenhage

Meditatiewe diens in die kapel **09:00** en 12:00 aanlyn | Ds. Dietmann

Familiediens in die kerk en aanlyn **09:30** | Ds. Callie Visagie

Jeugdiens in die kerk en aanlyn **18:00** | Ds. Hanno Ackerman

## KATEGESE-REGISTRASIE

Ons wil ouers aanmoedig asseblief om kinders aanlyn vir kategese te registreer, al was hulle voorheen by kategese ingeskakel. Ons wil graag weet vir hoeveel kinders ons voorsiening moet maak. Besoek www.stellenberg.co.za om die aanlyn registrasievorms te voltooi – dit is maklik en vinnig.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp, of 'n Telegram-boodskap met jou *naam* + *van* + *stemboodskap* na 081 045 2428.

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente het nou 'n selfoonnommer

081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram na dié nommer gestuur word.

## KATEGESE

### Annibrand Junior (Graad 1 tot 7)

**Sondag 14 Maart:** Kategese word in die jeuglokaal (graad 1's en ouers) en grootsaal (graad 2-7) aangebied. Diegene wat verkies om aanlyn in te skakel, is welkom om via die Zoom-skakel by die gesprek aan te sluit. https://zoom.us/j/96037194877.

**Annibrand Senior:** Kategese word na die Relevantdiens in die onderskeie lokale aangebied en kan ook aanlyn gevolg word.

## VATVYF-KUIER 17 MAART

VatVyf-kuier op Woensdag 17 Maart vanaf 09:30 vir 10:00 in die saalgedeelte van die kerk. Ons nooi seniors om deel te hê aan die eerste saamkuier in 2021 waar koffie, tee en 'n lekker bederf bedien sal word. Covid-19-protokol en sosiale afstand sal gehandhaaf word. Onthou jou masker. Bespreek by Karin 021 976 4519 teen Maandag 15 Maart. Toegang is gratis.

## SENIOR LIDMATE

Senior lidmate word uitgenooi om die Lydenstyd-handleiding (gratis) by die kerkkantoor af te haal. Gebruik gerus die handleiding as Bybelstudiegids tydens die Lydenstyd.

## EREDIENSWERKERS

Ons het 'n dringende tekort aan eredienswerkers wat by die familiediens behulpsaam kan wees. Gesinne wat gereeld dié erediens bywoon en bereid is om op 'n roterende basis diens te doen, kan vir Odette by odette@stellenberg.co.za of 021 976 4519 kontak, of stuur 'n WhatsApp of Telegramboodskap na 081 045 2428.

## WOLSKENKINGS

Ons breigroeplede is volstoom besig om serpe, musse en truitjies vir minderbevoorregte kinders te brei. Hulle waardeer enige skenking van bruikbare wol (selfs stukkies afvalwol), of kontantbydraes. Die lekker warm klere sal tydens die uitreike in Leeu-Gamka en Calitzdorp versprei word. Gee bydraes asb. by die kerkkantoor af.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

### KYK NA DIE EREDIENS OP JOU SELFOON

WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 081 045 2428 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

## BASAAR VOORLOPIG GEKANSELLEER

Na heelwat beraadslaging is besluit om die basaar wat vir 16 April beplan is, te kanselleer. Ons hoop om dié saamkuiergeleentheid na Augustus- of Septembermaand, wanneer die gemeente se verjaarsdag ook gevier word, te skuif.

## BYBELSTUDIE VIR EDELWEISS-PERSONEEL

Helpers word gesoek wat bereid is om een keer elke vyf weke om 07:30 op Vrydagoggende 'n Bybelleesbyeenkoms vir die versorgings- en kombuispersoneel van Edelweiss te lei. Dit is slegs 15 minute en behels net die lees van 'n teksgedeelte met 'n gebed daarna. Kontak gerus vir Karin Barter by 021 976 4159 indien jy kan help.

## HELPERS BENODIG

Ons benodig helpers wat bereid is om Donderdagoggende vanaf 08:00 tot 10:00 maaltye vir minderbevoorregte gesinne voor te berei. Die etes word in die saalkombuis aangrensend aan die markplein voorberei. Kontak asb. vir Lindy by 021 976 4519/lindy@stellenberg.co.za.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van:

- **Johanna Francina (Hanna) Pienaar** (28/07/1927-10/03/2021). Sy was sedert 1977 'n aktiewe lidmaat van die gemeente en 'n leier in die gemeenskap. Haar gedenkdiens is op 18 Maart om 11:00 in die kerk. Die diens kan ook aanlyn deur dié skakel gekyk word:

  https://youtu.be/9aEfrvcUgGg

  Ons opregte meegevoel aan haar agtergelate kinders, Elizabeth Pienaar, asook Pieter en Anchen Pienaar, wat ook lidmate van die gemeente is.

- **Dirk Jacobus Theart** (20/01/1955-7/03/2021). Dirk was sedert 1990 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Denise, Bastiaanstraat 9, Pinehurst en kinders wat hy agterlaat. Sy gedenkdiens is op Dinsdag 16 Maart om 11:00 in die kerk. Die diens kan aanlyn deur die volgende skakel gekyk word: https://youtu.be/EgKDwKF5nIo

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 11 Maart
14:30 in die eetsaal

Spreuke 26

Oppas vir lui en dom mense . . .

### 'n KAMER WORD GESOEK

'n Kamer wat weeksdae deur 'n verpleeghulp gehuur kan word in die Stellenberg/Eversdal-omgewing word gesoek. Die verpleeghulp ondersteun 'n lidmaat wat in Stellenberg woon en dit is belangrik dat sy naby die pasiënt woon omdat sy reeds vroeg soggens aan hom bystand moet verleen. Indien jy 'n netjiese kamer teen 'n billike tarief beskikbaar het, kontak gerus vir Etienne van Wyk by etienne@quantumaluminium.co.za/082 572 3730.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word. Die posbus word daagliks leeggemaak.

### SnapScan

## ASEMSKEP-GEBEDSBYEENKOMS

Elke Dinsdag om 18:30 in die kapel. Almal is welkom!

## BREIGROEP

Die breigroep ontmoet op Dinsdag 6 April vanaf 09:00 tot 11:00 in die markplein. Bring jou breiwerk saam.

## FOKUSPROGRAM VERSKUIF

Die fokusprogram wat vanaf 23 tot 31 Maart op die almanak aangedui is, gaan na later in die jaar verskuif.

## VROUEBYBELSTUDIEGROEP

Ons nooi alle vroue na die Vrouebybelstudiegroep op Maandae om 10:00 in die kleinsaal. Sluit by ons aan soos dit jou pas.

## VERKIES TOT DIE KERKRAAD

Niël Burger, St Maloslot 9, Everglen, is as diaken vir die jeugbediening tot die kerkraad verkies.

## FEESMARK 2021

Voornemende uitstallers sal vanaf 1 April met die aansoekproses vir feesmark 2021 kan begin. Ons beoog om die feesmark vanaf 18 Okt. tot 6 Nov. 2021 aan te bied, wat beteken daar is twee bykomende markdae . Aansoekvorms sal slegs aanlyn beskikbaar wees. Kontak Karen Visagie by 079 269 3663/feesmark@stellenberg.co.za.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellen-berger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die ver-spreidingslys geplaas te word.

# ’n Koffiewinkel op die kerkperseel

Stellenberg-gemeente het oor jare heen daarna gestreef om op verskeie gebiede ’n progressiewe en betekenisvolle gemeente binne die kerk van Christus te wees. Die veranderende tye waarin ons ons tans bevind, bied nuwe uitdagings aan die gemeente, maar nuwe geleenthede word ook geskep.

Die kerkraad het tydens die vergadering in Maart besluit om ’n deel van die bestaande kerkkantoor in ’n koffiewinkel te omskep. Daar word beoog om in die toekoms die kantoorgebou as kerkkantoor én koffiewinkel te benut. Die redes vir hierdie inisiatief is onder meer die volgende:

- Om die optimale gebruik van die gemeentelike fasiliteite te bevorder.
- Die vestiging van ’n addisionele bron van inkomste wat oor die langtermyn gebruik kan word om gemeentewerk te help finansier.
- Om gestalte aan die kerk in die gemeenskap te gee deur die gemeentedeure oop te maak vir die buitewêreld.
- Die belangrikheid van die kerk en die perseel as ’n gemeenskapsbate te beklemtoon.
- Die koffiewinkel sal addisionele waarde tot die jaarlikse feesmark toevoeg.
- ’n Koffiewinkel op die kerkterrein in die hart van die gemeenskap bied vir mense in die omgewing ’n nuwe ruimte en geleentheid om mekaar informeel te ontmoet.

Die aanvanklike plan met die bou van die markplein ongeveer vyf jaar gelede, was dat dit as fasiliteit vir die gemeente sal dien, maar terselfdertyd ook die breër publiek kon bedien. Die gesellige samekoms van gemeentelede en besoekers op Sondae in en om die markplein het dan ook tot ’n integrerende deel van die gemeente se Sondagvieringe ontwikkel.

Gedurende die Covid-19-inperkingtyd is die kerkleierskap deur van ons gemeentelede genader met voorstelle vir die uitbreiding van die markplein, wat gestalte sou gee aan die oorspronklike droom, naamlik dat die markplein ook benut moet word om die breër publiek te bedien.

Na gesprekke met verskeie rolspelers en kundiges is die kerkkantoor egter uiteindelik as die ideale ruimte vir so ’n inisatief geïdentifiseer. Die kantoorgebou se ligging teen die straat, voldoende parkering en die mooi tuin, het in dié area se guns getel. ’n Ad hoc-komitee is aangestel wat verantwoordelikheid vir die beplanning, die ondersoek na die finansiële lewensvatbaarheid van die projek, asook die finansiering van die projek, aanvaar het. Gesprekke met moontlik kontrakteurs, inligting oor hersonering, ensovoorts, is deur die komitee behartig.

Die kerkraad se goedkeuring van hierdie projek het die geleentheid gebied dat daar oorgegaan kon word na die volgende stappe:

- Om die ooreenkoms met die voornemende restaurateurs formeel te beklink. Die restaurant sal deur kundige persone met bewese ervaring in die restaurantindustrie bedryf word. Hulle sal die koffiewinkel in ongeveer 140 vierkante meter van die huidige kerkkantoor, asook die tuin aangrensend tot die kantoor, bedryf.
- Om 'n aansoek by die Stad Kaapstad vir die aangepaste gebruik van die fasiliteit (nie hersonering nie) in te dien.
- Om 'n ooreenkoms met die kontrakteur wat die verandering aan die kantoorgebou gaan behartig, te beklink. Dit behels hoofsaaklik die verwydering van die bestaande en die oprigting van nuwe binnemure.

Die kerkkantoor se bestaande ingang word behou en daar sal steeds ongeveer 14 werkstasies in die nuwe aangepaste kerkkantoor beskikbaar wees, asook 'n klein vergaderlokaal, 'n kombuis en fotostaatkamer.

Die strukturele veranderinge aan die gebou word deur die kerkraad gefinansier, terwyl die inrigting van die restaurant se interieur deur die restaurateurs self gefinansier word. Volgens die huidige beplanning word beraam dat die koste van die projek binne 38 maande gedelg sal word, waarna die restaurant se maandelikse huurinkomste dan 'n bykomende inkomstebron vir die gemeente sal bied.

Die aansoek by die Stad Kaapstad is die afgelope week ingedien en die veranderinge (bouwerk) sal nadat die nodige goedkeuring van die betrokke owerhede verkry is, geskeduleer en gedoen word. Die stappe sal dienooreenkomstig aan die gemeente bekend gemaak word.

Ons glo dat hierdie inisiatief 'n bykomende geleentheid sal bied waarbinne Stellenberg-gemeente se gemeentebelydenis prakties uitgeleef kan word. As getuies van Christus streef ons daarna om nader aan God en mekaar te leef, uit te reik oor alle grense heen en voortdurend te vernuwe.